# Hoofstuk 15
# Dit inspireer my!

## Luister en praat

**Vooroordeel en partydigheid**
**Pre-luister**
Bespreek die betekenis van vooroordeel en partydigheid met die leerders. Maak seker hulle verstaan dit goed genoeg om voorbeelde in die samelewing en alledaagse lewe uit te wys. Wees versigtig om nie besprekingspunte toe te laat wat moontlik teen sommige leerders in die klas kan diskrimineer nie.

**Luister:**
Lees die onderstaande teks twee keer aan die leerders voor. Laat hulle toe om luisteraantekeninge af te neem.

**En so word jou oë oopgemaak…**
Oom Casper het sy eie winsgewende hardewarewinkel op ’n klein dorpie met die naam, Morgensvlei, gehad. Siphiwe het elke dag kom hoor of oom Casper nie vir hom werk het nie. Omdat Siphiwe verlam was en in ’n rolstoel, het oom Casper gesê hy sal nie kan help met die toerusting in die winkel nie. Dan het Siphiwe maar daar die winkel rondgehang en gehelp waar hy kon.

Op ’n dag was daar vyf gereedskapkassies uit die winkel weg. Oom Casper was baie kwaad en het dadelik vir Riaan, die tienerseun wat naweke daar gewerk het, verdink omdat Riaan en sy gesin baie arm was en Riaan dikwels in die moeilikheid was by die skool.

Terwyl oom Casper vir Riaan beskuldig, sien Siphiwe hoe drie groot mans die gereedskapkassies agter op ’n bakkie laai. Hy wou nog skree en waarsku, maar toe sien hy die gevaarlike gewere wat hulle uithaal.

Chaos het uitgebreek. Oom Casper is gewond en Riaan en Siphiwe in die stoorkamer vasgebind. Oom Casper moes drie maande in die hospitaal deurbring. In dié tyd Siphiwe en Riaan sy winkel bestuur en ’n uitstekende werk gedoen! Oom Casper moes sy woorde sluk…

**Aktiwiteit 15.1: Vrae oor luisterteks**
*KABV, bl. 19, 20*
**Post-luister**
Die leerders kan nou die vrae op bl.160 in die leerdersboek beantwoord.

**Memorandum**
15.1.1 Waar het oom Casper gewoon? (1)[DV1]
*Morgensvlei*
15.1.2 Hoekom wou oom Casper nie vir Siphiwe werk gee nie? (1)[DV1/2]
*Siphiwe was gestrem/in 'n rolstoel en oom Casper het daarom nie gedink hy sal die werk kan doen nie.*
15.1.3 Waarom is Riaan verdink van die diefstal? Gee 2 redes.(2)[DV1/2]
*Hy kom uit 'n baie arm gesin en steel dalk om geld in die hande te kan kry. Hy was al baie in die moeilikheid by die skool.*

15.1.4 Waarom kon Siphiwe niks doen teen die diewe nie? (1)[DV1/2]
*Hulle was gewapen.*
15.1.5 Wat beteken dit om jou woorde te sluk? (1)[DV2/3]
*Jy moet erken dat jy verkeerd was.*
15.1.6 Waarom moes oom Casper sy woorde sluk? (2)[DV1/2]
*Riaan was nie ’n dief nie en Siphiwe was in staat om die werk in die winkel te doen..*
15.1.7 Skryf twee voorbeelde van vooroordeel uit die teks neer. (2)[DV4/5]
*Oom Casper het sommer net aangeneem Siphiwe sal nie die werk kan doen nie omdat hy gestremd is. Hy het ook sommer dadelik vir Riaan verdink van diefstal omdat hy arm is en al voorheen in die moeilikheid was.*

[10]

**Lees en kyk**
**Aktiwiteit 15.3: Vrae oor ’n leesstuk**
15.3.1 Hoe sluit die titel van die koerantberig by die inhoud aan? (1)[DV2]
*Die titel dui aan dat Ntando ander kinders wil inspireer en in die teks sê hy hoe hy dit wil doen.*
15.3.2 Wat beteken die uitdrukking “rekords het in die slag gebly” soos dit in paragraaf 1 gebruik is? (1)[DV2/3]
*Hy het die rekords verbeter.*
15.3.3 Gebruik die skrywer manipulerende of gevoelstaal om simpatie vir gestremde persone te probeer wen? Motiveer jou antwoord. (2)[DV2/3]
*Nee. Die skrywer lewer slegs verslag en fokus op die positiewe, nie simpatie nie.*
15.3.4 Watter alledaagse stereotipering ten opsigte van gestremde persone word reeds deur die foto verkeerd bewys? Motiveer jou antwoord. (2)[DV4]
*Dat gestremde persone nie aan alles kan deelneem nie. Ntando hardloop na die amputasie van sy bene.*
15.3.5 Wat is die geïmpliseerde betekenis van Ntando se woorde: “soos hulle my hoog gehou het toe ek laag was”? (2)[DV3/4]
*Hulle het hom gemotiveer en positief gehou toe hy moed wou verloor en deur 'n moeilike tyd gegaan het.*
15.3.6 Is die uitdrukking “om iemand se naam hoog te hou,” ’n voorbeeld van denotasie of konnotasie? Motiveer jou antwoord. (2)[DV2]
*Konnotasie. Dit beteken om 'n goeie verteenwoordiger van iets of iemand te wees.*
15.3.7 Uit die teks kan ons aflei dat Ntando ook al deur moeilike tye moes gaan. Waarom dink jy is die inligting daaroor weggelaat uit hierdie koerantberig? (2)[DV3/4]
*Die koerantberig fokus op die positiewe aspekte en wil ander inspireer.*
15.3.8 Spreek jou uit oor die standpunt wat Ntando inneem oor sy lewe as gestremde persoon en hoe hy daardeur baie mense kan inspireer.(2)[DV4/5]
*Hy is positief en dankbaar en wil aan ander wys dat jy steeds 'n verskil kan maak, al is jy gestremd.*
15.3.9 Na watter geskenk word in die laaste paragraaf verwys? (1)[DV1]
*Sy kunsbene en die geleentheid om weer te kan loop*. [15]

**Aktiwiteit 15.4: Kenmerke van ’n kortverhaal**
*KABV bl. 32*
Laat die leerders fotostate van die woordblok in hul skrifte plak. Hulle moet dan die antwoorde van Vraag 1 tot 6 soek en omkring.

15.4.1 Die storielyn wat die leser geboei hou om verder te lees.
15.4.2 Botsing wat tussen karakters ontstaan.
15.4.3 Die plek of omstandighede waarbinne ’n verhaal afspeel.
 15.4.4 Wyses/tegnieke waarop karakters uitgebeeld word in 'n letterkundige werk.

15.4.5 Verwante, kleiner storielyn wat deel vorm van die sentrale storielyn in ’n letterkundige werk.
15.4.6 Die sentrale idee in ’n letterkundige werk.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **K** | O | I | V | X | U | J | S | T |
| **A** | R | **I** | **N** | **T** | **R** | **I** | **G** | **E** |
| **R** | S | R | G | J | T | Y | M | A |
| **A** | T | D | B | M | O | F | V | L |
| **K** | **O** | **N** | **F** | **L** | **I** | **K** | E | G |
| **T** | D | S | K | M | G | L | Y | **S** |
| **E** | C | H | O | V | A | E | J | **U** |
| **R** | **U** | **I** | **M** | **T** | **E** | S | T | **B** |
| **I** | G | V | O | **E** | H | L | A | **I** |
| **S** | E | S | V | **M** | D | O | J | **N** |
| **E** | V | H | R | **A** | Z | T | D | **T** |
| **R** | W | F | G | M | S | N | L | **R** |
| **I** | H | B | N | H | A | V | E | **I** |
| **N** | D | G | K | E | B | E | H | **G** |
| **G** | K | W | U | K | A | G | S | **E** |

**Aktiwiteit 15.5: Lees ’n koerantberig en beantwoord die vrae**
*KABV bl. 29 – 32*
15.5.1 Sou jy hierdie koerantberig as partydig of onpartydig beskou? Motiveer jou antwoord. (2)[DV4]
*Partydig. Die berig is duidelik geskryf as propaganda vir die BBP.*
15.5.2 Haal twee voorbeelde van manipulerende taalgebruik uit die teks aan. (2)[DV2/3]
*"BBP is jou beste keuse"*
*"Stem vir die BBP"*
15.5.3Wie word bevoordeel deur die teks? Motiveer jou antwoord. (2)[DV3/4]
*Die BBP en die leier van die party.*
15.5.4 Watter woorde stel opposisiepartye in ’n swak lig? (1)[DV4]
*Die skrywer sê dat die ander partye se beloftes “mooi” praatjies” is en dat hulle dit nie sal bewaarheid nie.*
15.5.5 Wat beteken die uitdrukking, dit sal by “praat bly”? (1)[DV2/3]
*Hulle doen nie wat hulle sê hulle sal doen nie.*
15.5.6 Skryf ’n kontras uit die teks neer.(2)[DV2]
*"inspirasie uit die eenvoudige, klein dinge" teenoor "groot dinge vermag"* [10]

**Skryf & aanbied**

**Brief aan die pers**

**Aktiwiteit 15.6: Skryf ’n formele brief aan die pers**
*KABV bl. 45*
Assesseer die leerders se briewe deur die korrekte rubriek vir die skryf van lang transaksionele skryfstukke te gebruik.

**Taalstrukture en -konvensies**
*KABV bl.48-50*

**Aktiwiteit 15.7: Beantwoord taalvrae**

**Blinde musikant inspireer**

15.7.1 Verbind die sinne met die voegwoord tussen hakies:
a. Alfred is nie blind gebore nie. ’n Padongeluk het alles verander. (maar) (1)
*Alfred is nie blind gebore nie, maar 'n padongeluk het alles verander.*
b. Hy is blind. Hy was ’n leerling in ’n hoofstroomskool in Namibië. (alhoewel) (3)
*Alhoewel hy blind is, was 'n leerling in 'n hoofstroomskool in Namibië.*
c. Alfred is ’n begaafde musikant. Hy speel kitaar en is tromspeler vir ’n plaaslike musiekgroep. (want) (1)
*Alfred is 'n begaafde musikant, want hy speel kitaar en is tromspeler vir 'n plaaslike musiekgroep.*
15.7.2 Herskryf die volgende sinne sodat die woordorde korrek is:
a. Hy werk in die werkswinkel elke dag. (1)
*Hy werk elke dag in die werkswinkel.*
b. Hy gaan baie uit in die dorp oor naweke. (1)
*Hy gaan baie oor naweke uit in die dorp.*
c. Hy sê hy lewe sy droom elke dag. (1)
*Hy sê hy lewe elke dag sy droom.*
15.7.3 Is die uitdrukking, “die deur oopgemaak” in paragraaf 3 ’n voorbeeld van denotasie of konnotasie? Verduidelik jou antwoord. (2)
*Konnotasie – dit dui nie letterlik op 'n deur wat fisies oopgemaak word nie.*
15.7.4 Skryf die woorde tussen hakies in die korrekte deelwoordvorm:
a. Hy is in die eenheid vir (swak) pasiënte. (1)
*verswakte*
b. Alfred se liggaam was gebreek, maar hy het vinnig van sy (breek) hart herstel, sy kop opgelig en die lewe aangepak. (1)
*gebroke*
15.7.5 Herskryf die volgende sinne na die lydende vorm:
a. Die man het die CD voor my neergesit. (1)
*Die CD is deur die man voor my neergesit.*
b. Ek sal die omgewing van vooraf leer ken. (1)
*Die omgewing sal van voor af deur my leer ken word.*
c. Alfred speel die tromme vir die musiekgroep.(1)
*Die tromme vir die musiekgroep word deur Alfred gespeel.*

[15]

**Aktiwiteit 15.8: Woordeskat in konteks**

Ek het gister my been stukkend 15.8.1 (**geskraap**/geskrap) teen die growwe stuk hout. Dit was so ’n wonderlike dag. My ouers het vir my ’n 15.8.2 (kostelike/**kosbare**) geskenk gegee om my geluk te wens met my lisensie – my eie kar! Dit was net 15.8.3 (te wyte/**te danke**) aan my ouers dat ek 15.8.4 (**geslaag**/geslag) het. Ek wil 15.8.5 (**minstens**/ten minste) vyf onderskeidings op my rapport sien aan die einde van die jaar. Dit sal hulle baie trots maak. Van die kinders by die skool het lelike 15.8.6 (**aanmerkings**/opmerkings) gemaak oor my kar – net omdat hulle jaloers is en nog nie self ’n kar besit nie. Niks kon egter my week op ’n hoër 15.8.7 (**noot**/nood) laat begin het, as die pragtige motortjie nie. My 15.8.8 (**hart**/hard) het oorgeloop van vreugde. Ek gaan my motor baie mooi 15.8.9 (besorg/**versorg**). En die beste van alles is, ek kan my motor 15.8.10(**wettig**/wetlik) bestuur omdat ek my lisensie geslaag het! [10]